Saterdag **6 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 103**

**Fokusgedeelte: Psalm 103:8**

**Verstaan genade en leef vanuit God se genade**

Wanneer mens bankrot en stukkend voor God kom staan, met niks anders om vir God te bied as net jou sonde nie, en jy hoor nogtans dat jy deur Jesus se werk vergewe is ... dan begin mens iets van God se genade verstaan. Wanneer mens ná alles wat jy verkeerd gedoen het, en ná al jou verbroude kanse, nogtans beleef hoe jou Vader met oop arms vir jou staan en wag, dan word God se genade vir jou bietjie duideliker. En wanneer jy begin besef dat God alles moes kom doen het om jou deur Jesus te red, en dat jy net mooi niks self kon doen nie, dan begin jy iets van God se genade in jou lewe ervaar.

In Psalm 103 sien ons dat Dawid ook iets van God se groot genade in sy lewe beleef het en begin verstaan het, want hy breek hier in lofprysing uit oor skuldvergifnis en redding en God se groot liefde. Hy juig oor God se genade wat nie met mense handel volgens hulle sonde nie, en wat nie vergeld nie. Hy prys God vir sy lankmoedigheid (of geduld) met mense wat Hom keer op keer weer teleurstel. Dawid jubel hier oor sondes wat ver van sondaarmense verwyder word en nooit meer aan gedink word nie. Hy sing oor ’n Vader wie se liefde nie ophou nie, en wat Hom aanhou ontferm oor kinders wat dit nie verdien nie.

Het jy al God se genade só beleef? Hoe goed verstaan jy regtig God se genade? Wanneer die Heilige Gees mens help om God se genade te begin verstaan en ervaar, dan gryp dit mens in die hart aan! Dan maak dit jou harde hart sag! Dan verander dit ongehoorsaamheid in gehoorsaamheid, en onwilligheid in gewilligheid! Mag die Heilige Gees jou help om steeds meer God se genade te verstaan, en vanuit God se genade te leef!

*Sing: Psalm 103-1:1-2*

*Ds. LM (Marcel) Floor (Sasolburg)*